BEDEKKING IS NET 'N DEEL VAN DIE PROSES

Daar is 'n persepsie dat indien daar genoegsame bedekking op die teiken is, dat benatters nie nodig is nie. Hierdie persepsie is dat produkte wat benat en versprei, afloop veroorsaak. Dit is teenstrydig met die etikette van verskeie gewasbeskerming produkte (GBP) wat spesifieke byvoegmiddels aanbeveel.

Alhoewel bedekking geweldig belangrik vir die effektiwiteit van die GBP is, en hoë byvoegmiddel dosisse afloop kan veroorsaak, word daar nie met hierdie siening in ag geneem wat die ander voordele van hierdie byvoegmiddels is nie. In die bespreking hieronder gaan sommige ander belangrike eienskappe van hierdie byvoegmiddels bespreek word.

Opname

Alhoewel bedekking geweldig belangrik is, is dit net 'n deel van die effektiwiteit storie. Nadat die GBP in genoegsame hoeveelhede aan die gewas of onkruid toegedien is, moet sistemiese produkte deur die lang opname proses gaan. Sonder benatters mag die spuitdruppels nie genoegsaam versprei nie en daarom sal daar baie min kontak tussen die druppel en die blaar wees. Die opname proses word dan verder deur verskeie hindernisse in die blaarstruktuur belemmer.

Byvoegmiddels is ontwerp om in die opname proses by te staan, veral deur die wasagtige lae op die blaaroppervlak. Die weglaat van byvoegmiddels as gevolg van genoegsame bedekking kan dus teen-produktief wees omdat die opname proses belemmer kan word.

Druppel neerslag

Nadat die oortollige water uit die spuitdruppel verdamp het, mag die byvoegmiddel nog vir 'n tydperk teenwoordig wees om 'n omgewing vir verhoogde GBP effektiwiteit te skep. Dit kan as gevolg van die bevogtiging eienskappe van die byvoegmiddel wees wat belangrik vir sekere sistemiese en kontak GBP is.

Indien die byvoegmiddel heeltemal weggelaat word, sal daar vinnige verdamping van die druppel plaasvind, wat die GBP aan die ongunstige omgewing gaan blootstel. Byvoegmiddels is daarom met sekere GBP geregistreer om dit teen hierdie omgewingstoestande te beskerm.

Villa se mening

Bedekking is 'n integrale deel van GBP effektiwiteit. Dit is egter net 'n deel van die proses. Dit is belangrik om byvoegmiddels te gebruik indien dit aanbeveel word omdat dit dikwels 'n rol speel nadat die druppel op die teiken beland het.

Wanneer mengsels soms toegedien word, mag twee of meer van die GBP in die mengsel met soortgelyke byvoegmiddels geregistreer wees. Onder hierdie omstandighede mag dit dalk nodig wees om een van die byvoegmiddels te kies.

Moet egter nie net aanneem dat indien bedekking optimaal is, dat byvoegmiddels geen verdere rol speel nie. Byvoegmiddels speel ook 'n belangrike rol op die plant oppervlak en in die opname proses.

Brian de Villiers